

Seuns Wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander




Hans Scholl



Iqbal Masih

Hans Scholl
(1918-1943)



Toe die Nazi's beheer oor Duitsland oorgeneem het, het hulle miljoene onskuldige mense vermoor en vryheid van almal weggeneem.



Op universiteite het Hans, sy susters Sophie en Inge, en hul vriende geheime praatjies begin hou oor die Nazi's en hoe wreed en onregverdig hul optrede was.

Hulle het besluit om 'n geheime groep te skep: Die Wit Roos.



Die Wit Roos het pamflette gedruk wat beskryf het hoe die Nazi's Jode, gestremde mense en ander minderhede vermoor het. Hulle het gepraat oor nie-gewelddadige weerstand, dieselfde as wat Gandhi beoefen het.

Die probleem was dat baie mense nie geweet het wat aangaan of wat hulle daaraan kon doen nie en die Wit Roos wou dit verander.



Hul pamflette is na skole, kroëë, kafees en huise geplaas wat toevallig in die telefoonboek gevind is.




Binnekort was die gevolge hiervan gevoel. Anti-Nazi-graffiti het op die stadsmure verskyn. 'Hitler is 'n moordenaar!' het een stuk gelees. "Weg met die Nazi's!" het 'n ander uit geroep.

Down With
the Nazis!



Hitler is
a Murderer


Eendag was Hans en sy suster, Sophie, voorgekeer en deursoek. Die polisie het 'n konsep van 'n nuwe pamflet in sy sak gekry en geweet hulle het twee van die leiers van die Wit Roos gevang. Op die ouderdom van vier en twintig was Hans tereggestel omdat hy teen die Nazi's opgestaan het.



Maar die groep se werk het nie daar gestop nie. Een Wit Roos pamflet was uit Duitsland gesmokkel, na Engeland, waar duisende kopieë gemaak was. Engelse vliegtuie wat oor Duitse stede gevlieg het, het die pamflette in die strate laat val en die mense laat weet wat in hul land gebeur en wat hulle kan doen om dit te beveg.




Ten spyte van vrees, ten spyte van die moontlikheid van dood, en ten spyte van die lewe onder een van die mees skrikwekkende regimes wat ooit bestaan het, het Hans, Sophie en die res van die Wit Roos nooit opgehou om te veg vir dit waarin hulle geglo het nie.



Iqbal Masih
(1983-1995)



Op die ouderdom van vier het Iqbal by 'n matfabriek in Pakistan begin werk. Toe sy ma siek geword, het het sy honderd dollar by die eienaar van die fabriek geleen om 'n operasie te ondergaan. Sy kon nie die geld terugbetaal nie. In plaas daarvan moes sy Iqbal as slaaf aan die fabriekseienaar gee.




Daar was hy gedwing om lang ure te werk in 'n piepklein, warm ruimte gevul met raserige en gevaarlike toerusting. Hy moes onverbiddelik werk en was geslaan as hy ooit stadiger gewerk het.




Toe Iqbal tien was, het hy ontsnap. Hy het na die polisie gehardloop en alles aan hulle verduidelik. In plaas daarvan om te help, het die polisie hom teruggeneem na die fabriek en 'n beloning geëis.



Hierdie keer was Iqbal aan die matmasjien vasgeketting sodat hy nie kon wegkom nie.



Op 'n dag het hy 'n plakkaat gesien vir 'n organisasie genaamd die BLLF, wat daarop gemik was om mense uit gevangenskap te red. Hy het hulle in die geheim gekontak. Hulle het vir hom gesê dat slawerny beëindig is en dat alle salwe veronderstel was om vrygelaat te gewees het.



Met die hulp van die *Bonded Labour Liberation Front* is Iqbal en van die ander kinders van sy fabriek toegelaat om te verlaat. Maar dit het nie oral gebeur nie. Die meeste fabriek eienaars het die nuwe wette geïgnoreer en kinders vasgevang en in hul fabriek gehou, hulle was vas geketting aan masjiene.



D. Amaratunga

Iqbal het dit sy missie gemaak om hulle vry te laat.

Hy het by fabriek ingesluip en die kinders wat daar vasgekeer was, vertel van hul regte.



Hy het by vergaderings en saamtrekke, met besighede en fabriekseienaars, namens die slawerny kinders gepraat. Hy is selfs om die lot van ander soos hy gevlieg.





In 1995 was Iqbal vermoor omdat hy teen die fabriekseienaars uitgespreek het. Teen daardie tyd het hy gehelp om die lewens van meer as 3 000 vasgekeerde kinders te red wat gevoel het asof hulle vergeet was.



THINK

DIGITAL ACADEMY